

**Titel: Anders, woes anders**  
**Pastor: De Waal Esterhuizen**  
**Datum: 09 Mei 2010**  
**Tyd: 09h30**



## Johannes

### 1. geskiedenis

- Alexander (vergrieks die wêreld)
- Romeinse Ryk
- Samaritane en heidene
- Griekse invloed
- Romeinse invloed

### 2. die boek van genade vir wie ookal

- **Vrou by die put**

#### **Joh 4:27-29**

<sup>27</sup> En op dié oomblik het sy dissipels gekom en hulle verwonder dat Hy met 'n vrou in gesprek was. Tog het niemand gesê: Wat verlang U nie? of: Waarom spreek U met haar? <sup>28</sup> Die vrou het toe haar waterkan laat staan en na die stad gegaan en vir die mense gesê: <sup>29</sup> Kom kyk 'n man wat my alles vertel het wat ek gedoen het. Is Hy nie miskien die Christus nie?

- **Die man by die poel van Betesda**

#### **Joh 5:5-11**

<sup>5</sup> En 'n sekere man was daar, wat agt en dertig jaar aan sy siekte gely het. <sup>6</sup> Toe Jesus hom sien lê, terwyl Hy geweet het dat hy al 'n lang tyd siek was, sê Hy vir hom: Wil jy gesond word?

<sup>7</sup> Die sieke antwoord Hom: Here, ek het niemand om my in die bad te sit as die water geroer word nie; en onderwyl ek kom, gaan 'n ander een voor my in. <sup>8</sup> Jesus sê vir hom: Staan op, neem jou bed op en loop. <sup>9</sup> En dadelik het die man gesond geword en sy bed opgeneem en geloop. En daardie dag was dit sabbat. <sup>10</sup> Die Jode sê toe vir hom wat genees was: Dit is sabbat; dit is jou nie geoorloof om jou bed te dra nie. <sup>11</sup> Hy antwoord hulle: Hy wat my gesond gemaak het, Hy het vir my gesê: Neem jou bed op en loop.

- **Petrus verloën Jesus**

#### **Joh 21:15-17**

<sup>15</sup> Toe hulle dan klaar was met die môre-ete, vra Jesus vir Simon Petrus: Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief, meer as hulle hier? Hy antwoord Hom: Ja, Here, U weet dat ek U liefhet. Hy sê vir hom: Laat my lammers wei. <sup>16</sup> Hy vra hom weer die tweede maal: Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief? Hy antwoord Hom: Ja, Here, U weet dat ek U liefhet. Hy sê vir hom: Pas my skape op. <sup>17</sup> Hy vra hom die derde maal: Simon, seun van Jona, het jy My lief? Petrus het bedroef geword, omdat Hy hom die derde maal vra: Het jy My lief? En hy antwoord Hom: Here, U weet alles, U weet dat ek U liefhet. Jesus sê vir hom: Laat my skape wei.